



Gr.12

Totaal: 50

Tyd: 1 uur

Wiskunde Geletterdheid  
Kwartaal 2, Toets 2 2024 – Memorandum

Vraag 1

1.1 Sujana wil graag 'n nuwe oond vir haar restaurant koop. Die twee betalingsopsies waaruit sy kan kies word hieronder getoon.

**Kontantbetaling:**

R13 599,99

**Huurkoopvooreenkoms:**

Betaling van 'n 15% deposito is 'n vereiste. Die balans sal vereffen word deur gelyke maandelikse paaiemente van R650 oor 'n tydperk van 2 jaar.



[Aangepas uit <https://www.makro.co.za/catering/electrical-equipment/catering-equipment/catering-equipment/anvil---prover-oven>]

1.1.1 Indien Sujana die huurkoopvooreenkoms sou kies, wat is die depositobedrag wat onmiddellik betaalbaar is? Rond jou antwoord af tot die naaste rand. (2)

$$R13\ 599,99 \times \frac{15}{100} \checkmark = R2\ 040 \checkmark$$

1.1.2 Bereken die totale bedrag wat Sujana vir die oond, met die huurkoopvooreenkoms, sal betaal. (4)

$$R650 \times 24 \checkmark = R15\ 600 \checkmark \text{ totale betaling oor 2 jaar}$$

$$R15\ 600 + R2\ 040 \checkmark = R17\ 640 \checkmark \text{ totale uitgawe m.b.v. huurkoopvooreenkoms}$$

1.1.3 Hoeveel geld sal Sujana minder vir die oond betaal deur van die kontant-betalingsopsie gebruik te maak? (2)

$$R17\ 640 - R13\ 599,99 \checkmark = R4\ 040,01 \checkmark$$

1.2 Hanlo bly in Suid-Afrika terwyl sy ouers na Nieu-Seeland verhuis het. Sy suster bly in Amerika en sy broer in Europa. Hy wil graag 'n familiereunie in Thailand reël om al sy gesinslede weer te sien.  
Beskou die wisselkoers-tabel hieronder op 7 Mei 2024 van die verskillende geldeenhede tot die Suid-Afrikaanse Rand.

VS-dollar	\$1	R18,47
Nieu-Seelandse dollar	NZ\$0,090	R1
Euro	€0,050	R1
Thai Baht	฿1	R0,50

[Aangepas uit: <https://www.x-rates.com>]

1.2.1 Teenoor watter van die geldeenhede is die Suid-Afrikaanse Rand die sterkste? (2)

Thai Baht  $\checkmark\checkmark$

1.2.2 Hoeveel VS-dollar kan verkry word teen R1?  
Rond jou antwoord korrek tot drie desimale syfers af. (2)

$$1 \times \frac{1}{18,47} \checkmark = \$0,054 \checkmark$$

1.2.3 Die vliegtuigkoste vanaf Nieu-Seeland na Thailand beloop R14 968. Hoeveel Nieu-Seelandse dollar sal Hanlo se ouers vir hierdie vlug moet betaal?  
Rond jou antwoord korrek tot twee desimale syfers af. (2)

$$NZ\$0,090 \times R14\,968 \checkmark = NZ\$1\,347,12 \checkmark$$

1.2.4 Bepaal die wisselkoers van die Nieu-Seelandse dollar tot die Euro in die vorm:  
1 NZ\$: € \_\_\_\_  
Skryf op grond van jou antwoord neer watter een van die twee geldeenhede die sterkste is. (4)

$$€0,050 \times \frac{1}{0,090} \checkmark = €0,56 \checkmark$$

$$1 \text{ NZ\$} : €0,56 \checkmark$$

Die Euro is die sterker geldeenheid.  $\checkmark$

1.3 Beskou die inligting hieronder aangaande die rentekoerse wat Bank A en B onderskeidelik op 'n vaste belegging bied. Beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Bank A:**

**18 Maande Vaste Deposito-belegging:**

Balansvlak	Nominale koers p.j.	Effektiewe koers p.j.
<b>Nie-Senior Kliënte</b>		
R1000.00 – R99 999.99	8.80%	9.54%
R100 000 – R999 999.99	9.05%	9.79%
R1000 000 +	9.55%	10.29%
<b>Senior Kliënte</b>		
R1000.00 – R99 999.99	9.90%	10.64%
R100 000 – R999 999.99	9.95%	10.69%
R1000 000 +	10.01%	10.75%

**Bank B:**  
**Enkele Deposito-rentekoerse:**

Termyn Maande	R 10 000 - R 49 999.99		R 50 000 - R 249 999.99		R 250 000 - R 999 999.99	
	Nomi- nale	Effek- tiewe	Nomi- nale	Effek- tiewe	Nomi- nale	Effek- tiewe
6	8.15%	8.46%	8.35%	8.68%	8.45%	8.79%
7 – 9	8.20%	8.52%	8.50%	8.84%	8.60%	8.95%
10 – 12	8.50%	8.84%	8.60%	8.95%	8.65%	9.00%
13 – 18	8.55%	8.89%	8.65%	9.00%	8.70%	9.06%
19 – 24	8.70%	9.06%	8.75%	9.11%	8.85%	9.22%
25 – 36	8.80%	9.16%	8.85%	9.22%	8.95%	9.33%
37 – 48	8.90%	9.27%	9.00%	9.38%	9.15%	9.54%
49 – 60	9.20%	9.60%	9.25%	9.65%	9.45%	9.87%

[Aangepas uit: [www.capitecbank.co.za/personal/save/fixed-term-savings](http://www.capitecbank.co.za/personal/save/fixed-term-savings) en [www.absa.co.za/offers/dynamic-fixed-deposit-account-rate-campaign](http://www.absa.co.za/offers/dynamic-fixed-deposit-account-rate-campaign)]

1.3.1 Definieer die term *rente* in konteks. (2)

Die opbrengs op jou belegging ✓ oor 'n sekere tydperk op grond van 'n sekere koers ✓, deur die bank verskaf.

1.3.2 Skryf die minimum aantal maande neer waarvoor Bank B vir 'n deposito van R10 000 'n nominale rentekoers van 8,55% aanbied. (1)

13 maande ✓

1.3.3 Watter bank bied die beste rentekoers vir 'n belegging van R50 000 oor 'n tydperk van 18 maande vir 'n 35-jarige dame? (2)

Bank A: 9,54% effektief p.j. ✓✓

1.3.4 Wat is die verskil in die effektiewe rentekoers wat aangebied word aan senior en nie-senior kliënte op 'n belegging van R79 999,99? (2)

10,64% – 9,54% ✓ = 1,1% ✓ Senior kliënte kwalifiseer vir 0,85% p.j. meer as nie-senior kliënte.

## Vraag 2

2.1 'n Motorverhuringsmaatskappy het die volgende tariewe vir die huur van voertuie:

- 'n Administratiewe fooi van R80 en die eerste 10 km van die gebruik van die voertuig is gratis.
- Daarna beloop die koste R18,99 per km.

Die tabel toon die totale huurkoste van 'n voertuig met betrekking tot verskillende afstande afgelê.

Afstand (km)	1	6	20	25	50	100
Koste (R)	80	80	269,90	364,85	839,60	1 789,1

2.1.1 Skryf 'n vergelyking neer om die totale koste van 'n huurmotor te bereken. (3)

$$\text{Totale koste} = R80\checkmark + R18,99\checkmark \times (\text{kilometers afgelê} - 10)\checkmark$$

2.1.2 'n Kliënt doen 'n betaling van R1 884,05 aan die verhuringsmaatskappy.

Bereken die afstand wat hierdie kliënt met die gehuurde voertuig afgelê het. (4)

$$R1\ 884,05 - R80 = R1\ 804,05\checkmark$$

$$R1\ 804,05 \div R18,99 = 95\ \text{km}\checkmark$$

$$95\ \text{km} + 10\ \text{km (gratis)} = 105\ \text{km}\checkmark$$

2.1.3 'n Dame vra 'n kwotasie aan by 'n ander motorverhuringsmaatskappy (B) wat geen adminkoste vra nie en hul tarief word teen R980 vir die huur van die motor per uur bereken. Sy wil graag die motor vir 'n tydperk van 4 uur huur om 'n afstand van 320 km af te lê. Watter maatskappy (A, soos in die tabel hierbo, of B, soos in hierdie vraag gestel) sal die goedkoper opsie vir haar rit wees? (5)

Maatskappy A:

$$\text{Totale koste} = R80 + R18,99 \times (320 - 10)\checkmark = R5\ 966,90\checkmark$$

Maatskappy B:

$$R980 \times 4\checkmark = R3\ 920\checkmark$$

Maatskappy B $\checkmark$ , wie se koste per uur bereken word, is die goedkoper opsie vir die spesifieke rit.

2.2 Beskou die gegewe kaart en beantwoord die vrae wat volg:



2.2.1 Skryf die algemene rigting vanaf die Wes-Kaap na Mpumalanga neer. (1)

Noord-Oos. ✓

2.2.2 Die afstand tussen Pretoria in Gauteng en Kaapstad in die Wes-Kaap is in werklikheid 1 469 km. Indien die afstand op die kaart gemeet word tussen die twee stede as 15 cm, bepaal die skaal van die kaart in die vorm:

1 cm: \_\_\_\_\_ km.

Rond jou antwoorde af sodat die skaal tot die naaste km geskryf word. (3)

$$1\,469\text{ km} \div 15\text{ cm} = 97,93\text{ km} \checkmark$$

$$1\text{ cm} : 98\text{ km} \checkmark$$

[16]

### Vraag 3

Juffrou Loubser is in diens van 'n sekere hoërskool en verdien 'n basiese salaris van R32 000,00 per maand. Daar word elke maand LBS (belasting), 'n pensioenbydrae, WVF-bydrae en haar kind se skoolfonds van haar salaris afgetrek.

Hieronder word 'n uittreksel uit haar salarisstrokie getoon:

Salarisstrokie vir die periode 2024/04/01-2024/04/30					
Werker#: LAN021		L. Loubser		ID-nr:	
Aanstellingsdatum: 01/01/2019		9 Riet Straat		9211289115680	
		Worcester		Inkomstebelasting-nr:	
		6849		5796105348	
INKOMSTE			AFTREKKINGS		
0001	Basiese salaris	R32 000,00	0002	Lopende belasting	R4 661,60
			0003	Pensioen (7,5% van <b>basiese</b> maandelikse salaris)	(A)
			0004	WVF	R177,12
			0005	Skoolfonds	R1 395,00
	<b>BRUTO-SALARIS</b>	R32 000,00		<b>TOTALE AFTREKKINGS</b>	R8 633,72
				<b>NETTO-SALARIS</b>	(B)

3.1 In watter jaar is mev. Loubser aangestel? (1)

2019 ✓

3.2 Watter maand se betaalstrokie word hierbo getoon? (1)

April ✓

3.3 Bereken mev. Loubser se basiese jaarlikse salaris? (2)

$$R32\,000 \times 12 \checkmark = R384\,000 \checkmark$$

3.4 Bereken die waardes van (A) en (B) op die betaalstrokie. (4)

$$R32\,000 \times \frac{7,5}{100} \checkmark = R2\,400\text{ (A)} \checkmark$$

$$R32\,000 - R8\,633,72 \checkmark = R23\,366,28\text{ (B)} \checkmark$$

3.5 Definieer die term *netto-salaris*. (1)

Bruto-salaris ná aftrekkings ✓

[9]

Totaal: [50]